## Hulle gaan daarheen



# Aflosspan vertrek more na Marion

26/3/62. Volk.

PRETORIA.

SATERDAG het die aflosspan, wat uitgekies is om die Republiek se weerkundige pos op Marion-eiland die eersvolgende 12 maande te beman, in Pretoria byeengekom om hul laaste opdragte te ontvang.

Hulle vertrek more van Kaapstad af daarheen met die S.A.S. Transvaal.

Die spanlede is mnr. J. Nagel (weerkundige), leier, oorspronklik van Keetmanshoop en tot hiertoe werksaam op Windhoek, mnr. G. N. le Grange (weerkundige), van Oudtshoorn, maar werksaam op Maun, M. Fourie (weerkundige), van Ventersburg, werkspos Windhoek, mnr. J. M. Franken (weerkundige), van Springs, werksaam in Pretoria, mnr. H. J. Horne (mediese beampte), van Port Elizabeth, tans van Windhoek, mnr. M. C. L. van de Ven (radiotegnikus), van Sasol, en mnr. L. Statt, radio-operateur, van Kaapstad.

Hulle sal die span, wat in Maart verlede jaar onder leiding van mnr. Piet le Roux daarheen gestuur is, op Marion aflos.

Die weerkundige gegewens wat die pos daagliks per radio aan die Republiek verstrek, dra baie by tot die opstel van juiste weervoorspellings vir die land.

— (Eie Berig.)